Hoërskool Centurion

Tel: 012 664 5803 - Faks: 012 664 7969
info@hscenturion.co.za
Posbus 14054. Lyttelton. 0140
Cliftonlaan. Lyttelton. 0157

30 Januarie 2017

Geagte Ouer

Kommunikasie is vir ons hierdie jaar 'n hoë prioriteit en soos ooreengekom kommunikeer die skool graag die volgende inligting.

Gedurende die naweek het daar 'n insinking naby die gimnasium en die sluitkassies plaasgevind. Die stutmuurtjie wat die tuin langs die saal ondersteun, het omgeval as gevolg van hierdie insinking. Die oorsaak is 'n ondergrondse lekkasie van 'n rioolpyp. Die area is afgesper en alle nodige voorsorgmaatreëls is getref om die veiligheid van ons leerders te verseker. Derhalwe is die gebou in daardie area ontruim en is die sluitkassies vandag geskuif na 'n ander area in die skool. Die Departement van Onderwys is saam met ons beheerliggaam besig om die saak te hanteer.

Ons vra dat leerders en ouers asseblief die area sal vermy, totdat die probleem reggestel is.

Groete.

W.C.J. Burger
SKOOLHOOF